


Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens by afsonderlike huise

29 Maart 2020

Saamgestel deur Annelize

Toetrede

Kry julle gesin bymekaar en gaan sit op 'n gemaklike plek in die huis soos byvoorbeeld om die eetkamertafel. Sorg dat julle ten minste een Bybel by julle het. As julle kinders onder 12 by julle het vertel vir hulle waarom ons bly kerk hou al is dit in huisverband.

Loflied

Sommige gesinne is musikaal en kan die loflied as gesin saam sing. Of een van van julle kan dit vir die res sing. In gesinne waar niemand kan sing nie, kan een van julle dit gerus voorlees, of een van die kleintjies kan 'n Bybelliedjie wat hulle ken sing of julle kan op ons YOUTUBE LIVE STREAM na die loflied luister.

Loof Hom met die tromme:

Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp.

Loof Hom met die klinkende simbale.

Alles wat asem het - loof, loof die Heer!

Alles wat asem het - loof, loof die Heer.

Prys Hom met jul stemme, prys Hom uit die die hart.

Prys Hom in die hemel en op aarde.

Alles wat asem het - loof, loof die Heer!

Alles wat asem het - loof, loof die Heer.



Gebed

Laat die tweede jongste in die gesin 'n gebed doen.

Bid asb vir ons regering en kerk ook (Vertel vir die kind wat bid waarom).

Skriflesing

Laat die oudste dame in die gesin die gedeelte uit die Bybel voorlees. Die res kan dit in hulle Bybel volg.

Ons Skriflesing kom uit Matteus en Lukas. Dit is Jesus se preek oor die eindtyd. Onthou die eindtyd is die tyd tussen die Opstanding en die Wederkoms en die Bybel gee verskillende terme daarvoor en daarom raak ons baie keer so deurmekaar. (Kontak my per epos as julle al die benaminge en plekke wil hê by aendres@intekom.co.za)

Lukas 21:11:

“...daar sal epidemies op baie plekke voorkom...”

Johannes 14:29:

“En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur.”

Laat iemand anders in die gesin die volgende twee gedeeltes lees:

Matteus 24:8 en 32-33

Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

Leer dit van die vyeboom as voorbeeld wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby. So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur.

Boodskap

Laat die oudste man in die gesin die boodskap voorlees of iemand in die gesin wat hy aanwys.

'n Paar jaar gelede loop ek en my dogter in New York rond. Dit is nag in Time Square. Vir die eerste keer in my lewe beleef ek dit dat jy nie fisies oor 'n straat stap nie. Jy staan en die skare om jou beweeg jou van punt A na punt B. Dis asof hulle jou dra. Op besige dae loop oor die 460 000 voetgangers daaglik hier rond. Mense, mense, mense... Natuurlik het ek daardie aand na Afrika verlang. 'n Vuurtjie en om die vuurtjie 'n paar familieledede en vriende. 'n Goeie vriend stuur vir ons in die week 'n foto oor hoe die stad nou lyk. Dit is 'n spookstad met niemand wat rondloop nie. Amper 9 miljoen mense van die strate af. So kan ons van stad tot stad in die wêreld beweeg en dieselfde prentjie sien.

Niemand van ons sou dit kon glo as ons dit 'n paar weke gelede vir hulle sou voorspel het nie. Dit maak verskillende emosies in 'n mens wakker soos angs dat jou geliefdes die virus kry of wat die effek finansieël op jou en jou besigheid gaan hê. En by julle kinders weet ek dat julle grootste emosie

verveeldheid is. Wat doen jy as jy nie kan uitgaan en aan sport kan deelneem nie?

As jy na die nuus kyk en wêreldwyd die stil strate, toe kerkgeboue en die mense in die wit, beskermde klere sien beweeg, wonder jy of dit die einde is? Volgens die wetenskaplikes is die planeet besig om sy einde te bereik. Eintlik is die vraag wanneer die einde gaan kom al vir eeue op almal se lippe.

Die eerste atoom bom was in Julie 1945 en toe het wetenskaplikes al geweet, die wêreld sal nooit weer dieselfde wees nie. Hulle begin toe die oordeelsdag-horlosie in 1947. Die horlosie is 'n simbool wat die waarskynlikheid van 'n mensgemaakte globale katastrofe verteenwoordig. Dit is 'n metafoor vir die bedreiging van die mensdom. In 1974 was die horlosie gestel op 7 minute voor middernag. Die tyd is al 23 keer aan geskuif. Sedert 2018 staan die tyd op 2 minute voor middernag en dit is die naaste aan middernag wat dit nog ooit tevore was. Die rede dat daar net twee minute voor middernag is, is onder andere omdat die aarde te klein vir ons raak. Ons fisiese hulpbronne word teen 'n onrusbarende tempo opgebruik.

Volgens wetenskaplikes soos Stephen Hawking is dit amper onvermydelik dat 'n kern konfrontasie of 'n omgewings katastrofe die aarde in die volgende 1000 jaar gaan lam lê. Dit het hy nog voor sy dood in 2018 genoem. 'n Mens kan nie help om te wonder of die Corona Virus die wêreld gaan lam lê nie?

Wat sê Jesus oor die einde van die wêreld? Soveel mense stuur vir ons boodskappies om te sê hulle *spreek gesondheid op ons en dat ons nie die Coronavirus sal kry nie*. En ek glo hulle bedoel dit goed want hulle wil nie hê ons moet siek word nie en nou gebruik hulle desperaat versies buite konteks. Wat sê Jesus oor siektes in die eindtyd en kan gelowiges ook siek word?

In Matteus 24 borduur Jesus die eindtyd en die val van Jerusalem inmekaar. Ons sal dit in die Youtube "Live stream" Sondag bespreek maar vir die gesin se onthalwe konsentreer ons op een gedeelte en dit is die eindtyd en spesifiek pandemies.

Jesus verseker Sy dissipels dat Hy gaan terugkom om Sy koninkryk te vestig. Maar voordat dit gebeur gaan daar sekere dinge gebeur. Hy sê dat Jerusalem verwoes gaan word, iets wat ondenkbaar was toe hy dit gesê het, maar veertig jaar later gebeur dit presies soos Hy dit voorspel het.

Hy kyk na die toekoms en wil sy volgelinge voorberei vir wat kom. Hy spreek die Christene van alle tye aan en vertel wat al die tekens van die einde sal wees. Die Christene in die eerste eeu het dit al beleef en dit sal so wees tot die Wederkoms. As hierdie dinge gebeur weet julle julle is in die verdrukking.

In Johannes 14:29 sê Jesus: "En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur." Jesus sê dat Hy dit vir hulle vertel sodat as dit gebeur hulle kan glo aan die geloofwaardigheid van wat Hy alles gesê het.

Jesus profeteer dus op daardie Woensdagmiddag saam met Sy dissipels op die Olyfberg gebeurtenisse, 100% korrek veertig

jaar voordat dit gebeur het met die val van Jerusalem en dan profeteer Hy verder hoe die eindtyd gaan lyk en sê dat daar epidemies en pandemies gaan wees en dat dit ook Sy gelowiges gaan tref.

Virusse is nie nuut in die beskawing nie. Pokke het reeds oor die 500 miljoen lewens geëis. Die Spaanse griep het in 1918 50 miljoen mense se dood geëis. Die Swart dood het in 1350 75 miljoen lewens se dood veroorsaak. Dit was 60% van Europa se bevolking en 'n derde van die destydse wêreldbevolking. Meer onlangse pandemies is HIV en varkgriep. En dan natuurlik die skrikwekkende tyd wat ons tans belewe met die Coronavirus. Maar hierdie virus is nie naastenby so ernstig soos die ander nie so julle hoef nie te stres nie. Ons gaan hier deur kom. Ons gaan mekaar bystaan.

Jesus gee vir sy dissipels twee voorbeelde om die tekens van die eindtye te verstaan. Die eerste voorbeeld is in Matteus 24:8:

“Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.”

Die tweede voorbeeld kry ons in Matteus 24: 32-33:

“Leer dit van die vyeboom as voorbeeld wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby. So moet julle ook wanneer julle

al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur.”

Jesus gebruik die vyeboom as voorbeeld van die eindtye. Dit is die eenvoudige illustrasie van as jy blare aan die vyeboom sien weet jy die somer is naby want die blare kom in die lente. Leer dit, sê Jesus, dit is eenvoudig. As die vyeboom blare het weet julle die somer is naby. So moet julle, as julle al die tekens sien wat Ek voorspel, weet dat Ek oppad is na julle toe. Kyk na die Coronavirus en weet dat Jesus siekte voorspel het en dat gelowiges en ongelowiges daaraan onderworpe gaan wees. Maar as jy dit sien, moenie angstig en depressief raak nie. As jy die tekens sien moet jy weet Hy is naby. Die Koning is naby. Die Koninkryk is naby. Die glorie en hemelse heerlikheid is naby.

Altwee voorbeelde het vier dinge in gemeen:

1. Dit is sigbaar. Tekens van die tye is ook sigaar.
2. Dit is progressief. Hulle verhoog in frekwensie en intensiteit. Geboortepyne word teen die einde al hoe meer intens en nader aan mekaar totdat die babatjie gebore word. Jesus sê al die tekens gaan meer op mekaar en intenser word soos ons deur die geskiedenis gaan totdat Hy weer terugkom. Ons sien dit vandag in die antibiotiese weerstand en vrese vir biologiese oorloë en siektes wat meer en meer problematies word.
3. Dit is klimaatgebonde. Die vyeboom kondig somer aan. Geboortepyne kondig die baba aan.

4. Albei eindig in 'n gebeurtenis.

Die geboortepyne eindig in die geboorte van 'n baba en die vyeboom in die somer.

So gaan die tekens van die eindtye eindig in die Wederkoms.

Van Betlehem af tot by die Wederkoms sal elke generasie die tekens sien en dit is bemoedigend as jy jou televisie aansit en jy sien die Coronavirus se nuus en weet dat Jesus vooraf voorspel het dat dit gaan gebeur en belowe het dat Hy ons daardeur en nie daarom sal kry nie. Hy gaan ons daardeur kry dat ons nie ons geloof gaan verloor nie maar geestelik sterker anderkant uitkom. Hy wou hê dat ons gereed moes wees as ons die gebeure sien en beleef. Kyk na die tekens en elke keer as jy van die tekens hoor of dit sien herinner dit jou dat die Koms van Jesus naby is. Daar gaan 'n einde aan die wêreld kom wanneer God besluit die tyd is reg. Ons hoef nie bekommerd te wees nie – dit is in God se hande. Die vraag is: Is jy gereed vir Jesus se Wederkoms?

Bespreking

Gee vir elkeen 'n kans om vir die res te vertel of hy of sy gereed is om Jesus te ontmoet en waarom.

Dankoffer

Ons wil graag nou ons bydrae gee om God se werk in hierdie tyd steeds te laat voortgaan. Julle kan dit nou per snapsan doen of EFT. Die gemeente se bankbesonderhede is as volg:

NG Wonderpark. Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005 Verwysing: Dankoffer29Maart.



Slotlied:

As die lewensstrome:

As die lewensstrome woedend om jou slaan,
en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan -
tel jou seëninge, tel hul een vir een,
en jy sal verbaas wees oor wat God verleen!

As jy ooit gebukkend gaan onder sorg en pyn,
As die kruis te swaar word en jou krag te klein -
tel jou seëninge, dan vlug twyfel heen,
en jy sien Gods goedheid laat jou nooit alleen!

Seënbede:

Laat die oudste man die seën uitspreek oor sy gesin. Julle kan dit elke week roteer sodat almal kans kry om die gesin te sien.

Mag die krag van God, die liefde van Jesus en die teenwoordigheid van die Heilige Gees met julle hierdie week wees.